# Hoofstuk van die dag: Hooglied 3

> *Op my bed in die nag het ek gesoek na hom wat ek liefhet; ek het hom gesoek en hom nie gekry nie. (vers 1)*

Na alle waarskynlik vertel vers 1-5 van 'n droom wat die meisie gehad het. Dis soos 'n nagmerrie waarin sy oral na haar

geliefde soek, maar hom nie kry nie. Wanneer sy hom uiteindelik kry, gryp sy hom en vat hom na haar ma se huis, waar sy veilig is. Iets van haar verlange na sekuriteit en vastigheid in hulle verhouding kom hierin na vore.
Dié droom staan in skerp kontras met die chaos waarin seksualiteit in ons tyd verkeer. Daar is seksueel oordraagbare siektes, tienerswangerskappe, gender-verwarring … Rein bly tot jy getroud is, is deesdae skaars, en maagdelikheid is ’n spot-woord in menige kring. Saambly is só algemeen dat niemand daaroor skaam is nie, sodat ’n mens die indruk kry dat dit normaal is.
Dis nie hoe Hooglied die liefde en verhoudings teken nie. Kuisheid is die hoogste goed (vers 5, sien ook 2:7). Erotiese passie by ’n jongmens (of enige ongetroude) moet in toom gehou word totdat die tyd daarvoor aangebreek het, sê die liedere.
Dié outydse siening is nog altyd die Bybelse siening, ook in ons moderne era.

## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026